

27 Maart

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 6:1-25**  
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 6:6-9**

### **Die opdrag van onthou ... in 'n wêreld van vergeet**

Die mens is van nature vergeetagtig. Ons leef juis in 'n wêreld waar ons daaglik so besig is met alledaagse dinge dat ons al die belangrikste dinge (dit wat eintlik ons lewensprioriteite moet wees) heeltemalvergeet. God roep ons egter tot 'n *onthou-lewe* wat tot in die verre nageslagte sal strek.

Waar begin so 'n lewe? Dit begin in die ouerhuis. Dit begin by ouers wat heel eerste geleer het om te onthou. Tussen al die baie belangrike dinge in hulle lewe is hulle verhouding met die Here nie iets wat hulle iewers probeer aanlas of inpas nie, maar dit word die uitgangspunt en vertrekpunt van hulle hele menswees. Dit is die rede waarom hulle kinders ook daartoe "*opgeskerp*" word, deurdat die ouers die beginsels van God se Woord oral (kom en gaan) en altyd (opstaan en gaan slaap) aan hulle deurgee. Dit bepaal hulle uitkyk en denke (lewensbeskouing), maar is ook deurslaggewend in hulle handewerk (lewenswyse). Dit is 'n lewensprioriteit wat in elke vertrek van hulle ouerhuis bevestig word. Die uitlewing van God se wil is duidelik sigbaar in hulle eetkamer, slaapkamer, TV-kamer en selfs bediendekamer. Inteendeel – dit is nie net iets wat by die huis sigbaar word nie, dit is ook die getuigenis wat hulle elke dag buite in die samelewing uitleef. Dit is 'n lewenswyse van onthou, waarin hulle en hulle kinders (en ook later hulle kinders) so lewe dat die wil van die Here nooit vergeet word nie.

Christelike onderwys is om te leer hoe om te onthou. Dit is nie net iets wat geleer word nie, maar ook 'n manier van lewe. Wat 'n kosbare genadevoorreg om aan die Here te behoort. Wat 'n verantwoordelikheid om in 'n wêreld van vergeet te moet leer om te onthou.

In Jesus Christus is ons verlos van 'n lewe van vergeet en deur die Gees van God word ons aangevuur tot 'n hele lewenswyse van onthou. God wil dat ons as ouers – tussen al die baie belangrike dinge in ons lewens, hierdie saak as die eerste prioriteit in ons huisgesinne en families se lewens moet vestig. As Verbondsgod wil Hy dat ons tot in die verre nageslag sal onthou. Vergeet ... en onthou begin in die ouerhuis.

*Sing: Psalm 128:1-4 (1936)*

*Ds. IW Ferreira (Rietvallei)*